

15 Januarie 2015

Jaargang 7 – Uitgawe 43

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en werkrumtes
- Predikante en gemeentes
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org
Die Hervormer www.hervormer.co.za
e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

VOORBLAD

Die Hervormde Kerk – plaaslik én algemeen

Die Hervormde Kerk is tans met 'n proses van heropbou en die vestiging van 'n volhoubare model van kerkwees besig. Daarom is dit noodsaaklik dat die eenheid en verskeidenheid in die Hervormde Kerk weer duidelik bely word.

In die Reformatoriese tradisie is die plaaslike gemeente van uiterste belang. Ons bely in Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dat die ware kerk sigbaar word waar die evangelie suiwer verkondig en die sakramente volgens die Woord van God bedien word. Die plaaslike gemeente is verantwoordelik om die evangelie met Woord, daad en lewenswyse te verkondig. Die gemeente en kerk bestaan omdat God deur sy Woord en Gees mense tot geloof bring en hulle deel maak van sy kerk. Elke gemeente wat elke Sondag gelowig en gehoorsaam rondom die Woord vergader, is 'n teken van God wat met mense op pad is, van God se koninkryk wat konkreet in mense se lewens sigbaar word.

Vir die Hervormde Kerk is die welstand van gemeentes en predikante van uiterste belang. Daarom word gemeentes en predikante uitgenooi om van die hulp en dienste van die Moderamen, die Welstandsprogram en die Hervormde Teologiese Kollege gebruik te maak.

Die gevaar bestaan altyd dat die belang van die plaaslike gemeente so sterk beklemtoon word dat die eenheid met die res van die kerk skade lei. In uiterste gevalle lei dit tot kerkskeuring, soos die Hervormde Kerk in 2013 ervaar het. Christus eis dit van ons om mekaar in liefde en eenheid te dien. Deur die genade van God is daar tans weer groter kalmte en eensgesindheid.

Ons bely elke Sondag tydens die erediens *een, heilige, algemene en Christelike kerk*. Die eenheid van die kerk is nie 'n teoretiese belydenis nie, maar rig 'n appèl tot ons om die eenheid sigbaar uit te leef. Die eenheid tussen Hervormde gemeentes word konkreet sigbaar wanneer afgevaardigdes van al die Hervormde gemeentes in 'n AKV byeenkom om gesamentlik besluite te neem en verantwoordelikheid te aanvaar vir ons kerkwees in die wêreld.

Die eenheid tussen Hervormde gemeentes berus ten diepste op die eenheid in Christus. Dit vind ook gestalte in die kerklike leer, belydenis, orde, liturgie en dienswerk. Gemeentes kan nie willekeurig optree nie, en predikante en gemeentes is teenoor mekaar verantwoordelik om binne die kerklike belydenis, orde en liturgiese riglyne te handel. Terwyl die verskeidenheid in die kerk waardeur word en elke gemeente se unieke situasie erken word, impliseer dit nie grenslose vryheid nie. 'n Predikant kan byvoorbeeld nie sy eie geloofsbelydenis opstel om in die erediens te gebruik nie. Die belydenis bind ons nie net onderling aan mekaar nie, maar ook aan die kerk van alle eeue.

Die eenheid van die kerk word gedien wanneer die besluite van die AKV gerespekteer word. Indien ons daarvan verskil, dien ons die eenheid wanneer ons op 'n ordelike wyse daarna streef om sulke besluite te verander. Diversiteit staan altyd ondergeskik aan die eenheid van die kerk. Dit wat die kerk wesenlik is, moet in ons doen en late sigbaar word. Kerklike eenheid is nie net 'n gawe aan ons nie maar ook 'n opdrag.

Hoe moet ons eenheid en diversiteit, plaaslik en algemeen, kerkraad en sinodale vergaderings met mekaar bely word? Gemeentes is verantwoordelik vir die bediening van die evangelie (in die erediens, pastoraat, apostolaat en diakonaat). Maar daar is ook belangrike take wat gemeentes nie kan uitvoer nie, soos teologiese opleiding, kerklike dissipline, bewaring van inligting en kerklike publikasies. Daarvoor is 'n sinodale struktuur nodig.

Die Hervormde Kerk moet met verantwoordelikheid en integriteit kerk wees. Mag ons in 2015 die genade en krag van die Here ontvang om getrou te bly aan ons roeping.

Dr Wim Dreyer
Voorsitter: Kommissie van die AKV

(Lees dr Dreyer se volledige boodskap in die Januarie/Februarie 2015-uitgawe van Die Hervormer, wat in die laaste week van Januarie versprei word.)

BEROEPE EN WERKRUIMTES

Beroep ontvang

- **Prop D (Dolf) Bester** (beroepafwagend) na Ottosdal
- **Prop L (Leon) Geel** (beroepafwagend) na Midstream (deeltyds)
- **Prop J (Joleen) Joubert** (beroepafwagend) na Wapadrant (benoeming)
- **Ds G (Gerhardt) Venter** (beroepafwagend) na Empangeni (deeltyds)

Beroep aanvaar

- **Prop D (Dolf) Bester** (beroepafwagend) na Ottosdal
- **Prop L (Leon) Geel** (beroepafwagend) na Midstream (deeltyds)
- **Prop J (Joleen) Joubert** (beroepafwagend) na Wapadrant (benoeming)
- **Ds G (Gerhardt) Venter** (beroepafwagend) na Empangeni (deeltyds)



Prop Dolf Bester

Prop Leon Geel



Prop Joleen Joubert

Ds Gerhardt Venter

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na produksie@nhk.co.za. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.



Ds Roelf Coertze



Mev Dibbie Botha

- **Ds RJ (Roelf) Coertze** is op Sondag 4 Januarie oorlede. Hy was 69 jaar oud. Ds Coertze is op 23 Januarie 1977 georden, en het gedien in gemeentes Eikenhof (vanaf 1977), Oos-Londen (1980), Philadelphia (1981), Pretoria-Wes (1983), Wonderboom (1985) en Montana (1996). Van 1986 tot 1996 was hy direkteur van die Ondersteuningsraad, waar hy onder meer uitmuntende huweliksberading gedoen het. Hy het in 2010 geëmeriteer. Die dankdiens het op 13 Januarie vanuit Gemeente Montana plaasgevind en is gelei deur dr Thinus van Staden. Ds Dries Beukes het namens die NHKA 'n huldeblyk gelewer. Ons bid mev Elsa Coertze en hul familie die Here se troos en vrede toe in hierdie hartseer tyd.
- **Mev Dibbie Botha**, weduwee van ds Stoffel Botha, is op Woensdag 7 Januarie na 'n lang siekte oorlede. Sy was sedert Kersfees in 'n koma. Haar begrafnis het op 13 Januarie in Parys plaasgevind. Die diens is gelei deur dr André Ungerer. Ons bid mev Botha se familie die Here se troos toe.
- **Adv Jaap Roestorf** is die eerste naweek van Desember oorlede. Die begrafnisdiens het op 11 Desember vanuit Gemeente Krugersdorp-Oos plaasgevind. Dr Frikkie Labuschagne het die diens gelei. Die familie word die Here se vrede toegebied.
- **Ds Nardus Enslin** van Gemeente Rustenburg-Kloof **se moeder** is op Sondag 27 Desember oorlede. Ons innige simpatie gaan aan ds Enslin en hul familie.
- **Kobus Labuschagne** (55), seun van ds Lappies (F du C) en Ria Labuschagne, is aan die einde van Desember oorlede. Die roudiens het op 3 Januarie in die NG Kerk Brandfort plaasgevind. Kobus is blind gebore en het in Prinshof en later in Worcester skoolgegaan. Hy en Christelle het in Brandfort gewoon. Hy was telefonis by die SAPD in Bloemfontein. In sy vroeë twintigerjare het hy nierprobleme ondervind en het hy 'n nieroorplanting gekry. Die nier het 31 jaar gehou, en toe ingegee. Hy was op die waglys vir 'n volgende nieroorplanting, maar het ander gesondheidsprobleme ondervind waaraan hy oorlede is. Ons innige simpatie gaan aan sy vrou Christelle, sy ouers en sy suster Sonja.
- **Mnr Boy Skosana** van die Sinodale Kerkkantoor **se vader** is op 9 Desember oorlede. Ons innige simpatie gaan aan die familie.



Ds Dirk en mev Annatjie du Toit



Prop Henk Labuschagne (links) en prop Robert van Niekerk (middel) ontvang hul toekennings van prof Johan Buitendag



Dr Tanya van Wyk

- Ons het pas verneem dat **oudl Phillip Bester** van Wonderboompoort (en lid van die Raad van Finansies) **se vader, Kobus**, wat spierdistrofie het, tans ernstig siek is met longontsteking. Hy is reeds twee weke lank in die hospitaal. Intussen is Phillip se **ouma** ook oorlede – sy was byna 95. Ons bid die familie baie krag en vertroosting toe in hierdie moeilike tyd.
- Ons dink in hierdie dae ook aan **dr Daan (sr) en Frieda van Wyk** wie se **skoonseun** onlangs tydens 'n vakansie by die see sy nek gebreek het. Deur die genade is hy nie verlam nie, maar die pad na herstel sal sekerlik nie maklik wees nie.
- **Ds Dirk (DJAG) en Annatjie du Toit** van Alberton was op 13 Desember 63 jaar getroud. Ds Du Toit het ook op 2 Januarie 90 jaar oud geword. Baie geluk aan dié geseënde egpaar!
- Op **Donderdag 4 Desember** is 11 finalejaar teologiestudente **tot die evangeliebediening** toegelaat. Hulle is Dolf Bester, Lilian Erasmus, Leon Geel, Joleen Joubert, Elmien Knoetze, Henk Labuschagne, Retha Lombard, Carli Smith, Kristy van der Merwe, Marsulizé van Niekerk en Robert van Niekerk. Prof Johan Buitendag, dekaan, het die akademiese toekennings oorhandig. **Henk Labuschagne** het die PJ Müller-prys vir die beste student (BTh4 en MDiv1) in Dogmatiek en Christelike Etiek ontvang. **Robert van Niekerk** het die res van die toekennings ingepalm: die Greyvenstein-prys vir die beste student (BTh4 en MDiv1) in Nuwe-Testamentiese Wetenskap; die prys vir die beste student (BTh4 en MDiv1) in Kerkgeskiedenis; die HP Wolmarans-prys vir die beste student (BTh4 en MDiv1) in Godsdienst- en Sendingwetenskap; die JI de Wet-prys vir die beste student (BTh4 en MDiv1) in Praktiese Teologie; die B Gemser-prys vir die beste student (BTh4 en MDiv1) in Ou-Testamentiese Wetenskap; die Kuratorium-prys vir die beste skripsie; die WP Bouwer-prys vir die beste presteerder wat die finale eksamen in teologie afgelê het en sodanige prestasie oor die twee jaar van die BTh4- en MDiv1-studie oor die hele terrein van teologiese studie gelewer het; en die Cules Boshoff-penning vir die student wat op akademiese gebied gedurende die ses jaar van studie uitmuntend presteer het, op die breë terrein van die studentelewesom/haar as leier onderskei het en binne Van der Hoff Teologiese Huis, deur betrokkenheid en leierskap, die doelstellings van die Huis op 'n uitnemende wyse bevorder het.
- **Dr Tanya van Wyk** is met ingang van 1 Januarie 2015 aangestel as deeltydse dosent in Dogmatiek en Christelike Etiek aan die Universiteit van Pretoria. Dr Van Wyk word op 15 Februarie in die Nederlandssprekende Gemeente bevestig as predikant in besondere diens.
- In die lig van die **probleme met posaflewering** gaan die Kerk voortaan van *The Courier Guy* gebruikmaak om die kerklike publikasies, boekbestellings en ander pakkies aan die gemeentes buite Pretoria te stuur. Dit sal verseker dat gemeentes weer hul boeke en tydskrifte vinnig ontvang. **Al die gemeentes in die Kerk word daarom versoek om dringend 'n fisiese adres aan SENTIK te voorsien waar 'n koerierdiens pakkies kan gaan aflaai.** Om koste te bespaar, word gemeentes wat met mekaar in kombinasie is of gemeentes wat van dieselfde predikant gebruikmaak, versoek om een sentrale adres te verskaf. Versending aan adresse in Gauteng en hoofsentra landwyd is goedkoper as aan die platteland, en daarom word plattelandse gemeentes versoek om waar moontlik eerder 'n fisiese adres in 'n streeksentrum te verskaf as in 'n klein dorp. Stuur asseblief so gou moontlik **die fisiese adres, naam en nommer** van 'n kontakpersoon vir aflewering aan mev Susann van Zyl by sentik@nhk.co.za.
- Alhoewel daar nie meer 'n groot aanvraag na die **Liedboek van die Kerk** is nie, word dit steeds gedruk. SENTIK het verlede jaar 138 standaard en 68 grootdrukboeke verkoop. Grootdruk was 'n tyd lank uit druk. Kerkbybels was meer

in aanvraag omdat dit so goedkoop was (ons het 348 verkoop in 2014). Die prys van 'n standaard Liedboek is R130 en grootdruk R150 teenoor die Kerkbybel se huidige spesiale prys van R100. Bestel gerus van mev Susann van Zyl by sentik@nhk.co.za.

- **Gemeente Venterskroon** het op 30 November 2014 ontbind.
- Pos vir **Gemeente Odendaalsrus** kon/kan nie van die poskantoor in Odendaalsrus afgehaal word nie, terugwerkend tot 1 November 2014. Totdat ander reëlings getref kan word, moet pos wat nie via e-pos gestuur kan word nie, versend word na Voortrekkerlaan 31, Odendaalsrus 9480.
- **Aanvraag en uitreik van doop- en lidmaatskapbewyse per e-pos vanaf 1 Januarie 2015.** Vir die gerief van gemeentes vind aanvrage en uitreikings van doopbewyse en bewyse van lidmaatskap met ingang van 1 Januarie vanjaar per e-pos plaas. 'n Aanvraagvorm vir die inligting wat die Kerkargief benodig, is op die webwerf beskikbaar. Gaan na www.nhka.org → So werk ons → Kerklike argief. Die vorm word aanlyn ingevul en gestuur. Die uitreiking van doop- en lidmaatskapbewyse sal voortaan slegs op Donderdae plaasvind. Soos in die verlede, reik die Kerkargief slegs 'n bewys van lidmaatskap uit as die gemeente intussen ontbind het. Bestaande gemeentes reik self bewyse van lidmaatskap uit.
- **Boektafel: Tweedehandse teologieboeke.** In ooreenstemming met die beleid van die biblioteekversameling van die Hervormde Kerk, word duplikaatboeke nie in die versameling opgeneem nie. Daar is nie 'n titellys beskikbaar nie. Boeke kan tot einde Februarie 2015 by die Kerkargief op die tweede vloer van die Dirk van der Hoffgebou bekyk word op weekdae van 08:00 tot 16:00, en is gratis beskikbaar. Donasies word waardeur. Rig navrae aan die argivaris, mnr Nándor Sarkady, by argief@nhk.co.za.

Liturgiese kalender

Septuagesimae. Die derde Sondag vóór die begin van die Lydenstyd (**1 Februarie**) staan bekend as *Sondag Septuagesima* (letterlik die Sondag 70 dae voor Pase – alhoewel dit eintlik net 63 dae is). Die temas wat op dié Sondag aandag kry, is *geregtigheid en genade óf loon en genade*. Vanjaar sou daar aan Lukas 17: 7-10 aandag gegee kon word. Hierdie teks pas ook in by 'n ander belangrike gebruik van die dag, naamlik die bedanking van die amptenare en funksionaris van die gemeente. Sonder die onbaatsugtige diens van die koster, orrelis en faktotum kan dinge in 'n gemeente nie goed verloop nie. Hierdie persone se loon is gewoonlik nie in ooreenstemming met die diens wat hulle lewer nie. Die liturgiese kleur is groen. Daniël 9: 18 is 'n gepaste votum vir die dag. (**18 en 25 Januarie** is die laaste twee van vanjaar se drie Sondae na Epifanie. Meer inligting oor dié Sondae verskyn in die *e-Hervormer* van 4 Desember.)

Algemene Diakensvergadering (ADV)

- **Temajaar: Kindersorg: Afskop Sondag 18 Januarie.** Teen hierdie tyd is u seker daarvan bewus dat ons tema vir 2015 *Kindersorg* is. Ons temajaar begin hierdie Sondag. Vir dié doel is 'n preekskets aan al die predikante gestuur. Gemeentes word uitgenooi om hiervan gebruik te maak. Kom ons maak hierdie jaar saam 'n verskil in die lewens van kinders!
- **Lig vir 'n kind – skyfie vir PowerPoint.** Saam met hierdie *e-Hervormer* ontvang u 'n PowerPoint-skyfie. Ons vra gemeentes vriendelik om die skyfie elke Sondag saam met u afkondigings te vertoon. Ons sal elke maand 'n nuwe skyfie vir u stuur. Druk dit gerus ook uit en bring dit aan waar u saam tee drink.





- **Vraelys vir skoolkinders.** Die ADV se werkgroep Kindersorg het 'n vraelys opgestel om deur ons skoolgaande kinders voltooi te word. Die ideaal is dat ons kinders dit Sondag by die kategese invul – sommer op hul selfone of tablette! (Ons het dit wel ook in papierformaat vir al die gemeentes gestuur.) Ons hoop dat al ons kinders dit sal invul. Die vraelys kan gekry word deur die skakel te volg op die webblad www.diakens.co.za of deur *hier* te klik.
- **Die AGB ondersteun kindersorg.** Die Aksiegroep vir Bejaardes (AGB) wens die ADV se werkgroep Kindersorg alle voorspoed toe vir hul projekte gedurende 2015. Dit wat die werkgroep beplan het en gaan uitvoer, is ook van die grootste belang vir die bejaardes in ons Kerk. Dit is immers hul klein- en agterkleinkinders wie se heil en geluk op die spel is ongeag waar dié kinders woon en wat hul omstandighede is. Die werkgroep vir bejaardes bid vir almal wat aan die onderskeie projekte gaan deelneem.

Spesiale eredienste

- Die **bevestigingsdiens van ds Hein Kloppers** vind plaas op **Sondag 18 Januarie om 14:00** in die NG Kerk se gebou in **Koster**. Die bevestiging word waargeneem deur ds Peet Esterhuizen van Gemeente Wonderboom. Dr Wouter van Wyk sal die geleentheid bywoon, en mev Susan van Wyk sal die orrelbegeleiding waarneem. Navrae kan gerig word aan die skriba, Rika Pienaar, by 083 320 2263.
- **Prop Leon Geel** word **Sondag 18 Januarie** in **Gemeente Midstream** georden, en dr Gerhard Lindeque sal die Kommissie van die AKV by die geleentheid verteenwoordig. **Prop Joleen Joubert** word op **25 Januarie** in **Gemeente Wapadrant** georden, en oudl Dave Lizamore sal die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bywoon. **Prop Dolf Bester** word op **1 Februarie** in **Gemeente Ottosdal** georden, en ds Leon Geel (sr) sal die Kommissie van die AKV verteenwoordig.
- **31 Januarie: Gemeente Horison Roodepoort word 50**
Vrydagaand 30 Januarie: Kamermusiek met klassieke musiekuitvoerings
Navrae aan Jenneke ter Wolbeek by 082 687 2291
Saterdag 31 Januarie: Potjiekoskuier by die kerk
Sondag 1 Februarie om 10:30: Nagmaaldiens
Alle oudlidmate en belangstellendes welkom
Bespreking vir die Nagmaalete (gratis) by ElmarieL@Nedbank.co.za
Navrae aan dr Gerhard Nel by 082 8235 074 of gnel@nhk.co.za

Ampsjubileums

Die volgende predikante vier vanjaar ampsjubileums soos aangedui:

- **25ste ampsjubileum**
 - Ds F (Francois) Evert
 - Ds M (Martin) Meyer
 - Ds PJHS (Henk) Pienaar
 - Ds EJA (Edzard) van Baalen
 - Ds RL (Richard) van der Westhuizen
 - Ds GF (Frikkie) van Wyk
- **50ste ampsjubileum**
 - Ds HN (Hennie) Botha
 - Ds LJJ (Leon) Nell
 - Prof MW (Marthinus) Pretorius het al in 2013 sy 50ste ampsjubileum gevier – ons vra verskoning dat dit nie so weergegee is nie
- **60ste ampsjubileum**
 - Ds MJJ (Marty) Redelinghuys

(Indien enige ander predikante ook vanjaar een van hierdie ampsjubileums vier, moet hulle asseblief in verbinding tree met mev Karen Breedt by 012 322 8885 x257 of karen@nhk.co.za.)

Toer saam na *Turkye* Vertrek 6 Mei 2015

Toerleier:
Ds Dries Beukes
012 654 3198 / 083 447 7943

14 dae op die voetspore van die eerste Christene



Vir meer inligting, kontak Louise Geysler (formele reisagent)
012 361 0579 / 082 560 4279 / louise.geysler@absamail.co.za

'n Gedig

Die Beginner

*Die kind trek met sy tekenkryt figure,
rangskik rustig sy lewe op die papier.
Hierdie gebou met sonneblomgeel mure,
oranje drumpel, fesrooi dak en vier*

*hiasintblou vensters is sy ouerhuis.
Verder is daar 'n gifgeel draak,
papegaaigroen gras, 'n kraaiswart muis
en blomme met sinnaber rooi gemaak.*

*Die ander kleure bly onaangeraak.
Misblou, gryswit, die kleur van klip,
kaneel en wolke val nie in sy smaak.*

*Dié sal hy eers later wil hanteer
wanneer die lewe, doelgerig en stip,
hom onderrig het in haar skaduleer.*

Ina Rousseau
(Uit: *taxa* 1970)

(Sterkte en mooi wense aan al die kleingoed wat nou met hul skoolloopbaan begin – en aan hul ouers...)

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 23 Januarie, en word hartlik geluk gewens:**
 - Donderdag 15 Januarie: Di W (Werner) Olivier (Eendracht) en GJC (Chris) Schoeman (Boksburg)
 - Saterdag 17 Januarie: Di WJ (Willie) Roos (emeritus) en CJ (CJ) van Wyk (Randburg)
 - Maandag 19 Januarie: Ds MJ (Martin) Slabbert (Philadelphia) en prop IM (Retha) Lombard (beroepafwagting)
 - Dinsdag 20 Januarie: Ds MJJ (Martyn) Redelinghuys (emeritus)

- o Woensdag 21 Januarie: Dr J (Johan) Nel (Bloemfontein-Wes), di GS (Stephen) de Beer (Noordwestelike Pretoria) en GC (Gerrie) Senekal (Lichtenburg)
- o Donderdag 22 Januarie: Ds WJ (Willem) Slabbert (emeritus)
- o Vrydag 23 Januarie: Dr WC (Wouter) van Wyk (Sinodaal) en ds GJ (Jan) Wallis (emeritus)

Tuki e'State

Studente-akkommodasie Universiteit Pretoria

Gemeubileerde kamers in private koshuis en kommunes beskikbaar vir studente
Naby Universiteit, sportgronde en inkopiesentrums
Vir Afrikaanse Christenseuns en -meisies

Vanaf R2 800


+27 12 362 1192 / +27 79 500 7500 / +27 71 659 6114
E-pos: admin@tukiestate.co.za / Info: www.tukiestate.co.za

Beplande vergaderings

- o Donderdag 15 Januarie: ADV Finkom
Redaksie van *Die Hervormer*
- o Dinsdag 20 Januarie: ADV Kommunikasie
ADV Agendakomitee
- o Woensdag 21 Januarie: OSR Bestuur
- o Donderdag 22 Januarie: ADV Dagbestuur
- o Vrydag 23 Januarie: Moderamen
OSR Finkom

Allegaatjie

Vrede word nie in raadsale of deur ooreenkomste gesluit nie; vrede kom uit die harte van mense. (Herbert Hoover)



Kamer met volle losies beskikbaar

Villieria, Pretoria

**Gemeubileerde kamer met etes en wasgoed
teen R2 500 per maand.**

Stil omgewing 8 km van Universiteit af,
naby winkelsentrums en ander infrastruktuur.

Kandidaat sal saam met gesin woon en geriewe deel.
Die rustigheid van die gesinswoning en omgewing
moet gerespekteer en gehandhaaf word.

Navrae aan Hanlie Pretorius by 060 507 1642

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Wen 'n bakkie.** Gemeente Noordwestelike Pretoria het in 2014 'n tweedehandse 1400 Nissan Champ bakkie as skenking uit 'n boedel ontvang en 'n Wen-'n-bakkie-kompetisie geloods. Die sukses hiervan noop ons om dit weer te doen en die sukses met ander te deel. Daar is pakkette beskikbaar teen R10 000 elk. Dit sluit in:

- o 2 500 kaartjies, gebind in 500 boekies met 5 kaartjies elk. Die kaartjies word teen R20 elk verkoop om R50 000 te genereer ('n netto wins van R40 000).
- o 'n Banier ter waarde van R1 000, wat gebruik kan word waar kaartjies verkoop word.
- o Foto's van die bakkie vir die 2015-kompetisie en van 2014 se sleutel-pasgeleentheid.
- o Toegang tot 10 pryse wat op die sleutelpasdag getrek sal word (die bakkie en troospryse van R10 000).

Twee dinge wat ons kompetisie besonders maak:

- o Elke gemeente trek self sy eie sleutelwenner wat vir die pasgeleentheid kwalifiseer. Al nege deelnemende gemeentes is dus VERSEKER dat een van die kaartjies wat hy verkoop het, in die pryse gaan deel!
- o Deelnemende gemeentes kan die sleutelpasgeleentheid op die internet volg omdat dit lewendig uitgesaai sal word

Vir meer besonderhede, kontak ds Stephen de Beer by 074 658 4630.

Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die e-Hervormer geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees. Stuur die voorgestelde teks van nie meer as 110 woorde met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die e-Hervormer word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge. Die koste is R200 per plasing (BTW ingesluit). (Let asseblief op die NUWE KOSTE.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

AGTERBLAD

Gebed vir die week

O God van alle wesens, alle wêrelde, alle tye,
 ons bid dat die klein verskille
 in ons kleredrag,
 in ons ontoereikende tale,
 in ons soms belaglike tradisies,
 in ons onvolmaakte wette,
 in ons onlogiese opinies,
 in ons statussimbole en hiërargieë
 wat vir ons so buite verhouding belangrik is
 – en so waardeloos vir U –
 dat hierdie klein verskille,
 wat ons spikkelkleinmensies op die aarde
 van mekaar onderskei,
 tog nie vir ons so belangrik sal wees dat ons dááror
 mekaar haat en vervolg en selfs uitwis nie.

Toegeskrif aan Voltaire

Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé 2014

Foto: Thinus van Staden